Bloedsuier-Steekvlieg Tabanus - dit steek nogal seer!

E: Blindfly, horsefly, stoutfly

A: Blindevlieg, perdevlieg, steekvlieg

D: Stechfliege, Bremse, Pferdefliege, Blindfliege

H: Otjimberekuta

Hoekom **Blinde**vlieg? Mense het gedink dit kan nie sien nie, omdat dit so maklik is om dit dood te slaan.

Wanneer dit na die winter weer lente en warmer word, klim die nuwe vlieë uit die papiekokon en soek kos. Hulle vreet nektaar en stuifmeel, maar die wyfies suig ook bloed van warmbloediges (soos muskiete ook). Dis die tyd, wanneer ons mense ook uitgaan om warmte te soek, om in die buitelug te wees, en ons loop deur by die vlieë!

Hulle nader ons stilletjies, land op ons vel en sny met vyf stiletto-agtige hare die vel stukkend. Die "steek" voel seer (en dis maklik om op hierdie punt die vlieg dood te slaan☺). Nou spuit die vlieg iets in die bloed, sodat dit nie klont nie. Die bloed word deur die slurp, wat ontstaan deur die stilettos saam te bundel, opgesuig, tot 0,2 ml per maaltyd!

Aangesien die wond aanhou bloei nadat die vlieg weg is, bied dit toegang tot die bloedbaan vir kieme en/of parasiete, wat siektes kan veroorsaak. Nie net dit nie; die vlieg kan self ook siektes oordra soos *Miltsiek, Malaria* en moontlik selfs *Aids, Tularemie* (haas- en konynsiekte), *Lyme-Borreliose* (soort bosluiskoors), *Infeksie* wat *bloedarmoede* by perde tot gevolg het en *Weil-se-siekte* (infeksie van lewer en niere, soort geelsug).

Dis goed om te **weet wie of wat** jou byt of steek, dan is dit makliker om te behandel!

Inligtingsbronne: Dr.Lichtenberg en Helma (danke)

http://www.biteling.de/alles-ueber-bremsen/

https://www.biologie-seite.de/Biologie/Bremsen

Teks en Fotos: Anka Eichhoff September 2021